

HANDE vat

17 Mei 2021

kruin.
— Huise wat Jesus volg —

GEESTELIKE VERRYKINGS GESPREK

KOM NES JY IS | ONS SAL JOU HELP | LEER JESUS VOLG
LEWE MET LIEFDE | HOOP | BETEKENIS

HOE LEI JY 'N GESEËNDE LEWE? – BRIAN HOUSTON

“Visie”

Een van die dinge waarvan ek hou van die regverdige man in Psalm 112 is dat hy duidelik 'n lewe lei wat nie net om homself draai nie. “Hy gee ruim aan hulle in nood” is 'n verwysing na iemand wie se lewe 'n omvattende impak op ander mense maak.

Daar is sommige mense wat skynbaar nooit in die lewe vooruitgaan nie omdat hulle visie klein is. Hulle verkies om 'n groot vis in 'n klein dammetjie te wees, in plaas daarvan om aan te hou groei en hulle lewens te verryk en so hulle volle potensiaal te bereik.


Die Bybel sê in Spreuke 29:18: **“Waar die wil van die Here nie bekend gemaak word nie, verwilder 'n volk; dit gaan goed met elkeen wat die wet van die Here onderhou.”**

Om 'n droom of spesifieke doelwit te hê gee jou lewe rigting en maak dit doelgerig. Jesus het geweet dat Hy gebore is ter wille van God se Koninkryk en het begryp dat Sy verbinding met die wêreld daarvoor gegaan het. Ek en jy is ook vir dieselfde doel gebore, wat 'n lewe van invloed behels, wat veel verder reik as net om onself.

'n Mens kan so maklik vasgevang word in die daaglikse druk van die lewe, werk om rekeninge betaal en sorg vir kos op die tafel. As jy egter 'n groothartige gesindheid het, sal jy begin groot dink aan wat jy vir ander kan doen en kos voorsien vir baie tafels.

Dit is onmoontlik dat jou visie groter sal wees as God se planne vir jou lewe. Sy planne is ENORM. Soos wat God jou lewe seën, behoort jy voortdurend op die uitkyk te wees om ander te seën en God se Koninkryk uit te brei.

Wat is jou droom? Wat is jou visie? Skryf dit neer en bring dit in gebed na God. Jou droom en visie sal nooit vir God te groot wees nie. Hy wil graag daardie drome verwesenlik en Sy Koninkryk deur jou bou! Glo dit vandag.



Woord vir die week

Ons gesels hierdie week saam oor *Danie se Pinsterpreek van Sondag.*

Teks: Hand 2:1-8

Tema: *Jy kan 'n verskil maak deur te praat!*

Hoe kan ek 'n verskil maak?

Op Pinksterdag begin die eenvoudige Galilese mense, na 'n geweldige rukwind wat die hele Jerusalem in skok tot stilstand bring, om opgewonde vir al die toeriste en Joodse inwoners te vertel van Jesus en dat Hy, die Gekruisigde, waarlik die Messias is, want God het Hom totale oorwinning oor die dood gegee. Boonop staan die voorheen bange Petrus op en begin om vreesloos God se boodskap te bring en verduidelik dat die wonderwerk wat gebeur het in Jerusalem al eeue gelede voorspel is deur die profeet Joël. En drieduisend mense kom tot geloof en baie huisgesinne en individue word gedoop in Jesus se Naam. getuienis?

PINKSTER-MAAND

In Mei-maand vier ons hierdie jaar Hemelvaart en Pinkster as deel van die kerklike jaar. Ons gaan vir die volgende maand saam dink en reflekteer oor hierdie gebeure soos dit in die *Handleiding vir die Erediens* vir ons beskryf word.

Op Pinksterfees word die uitstorting van die Heilige Gees herdenk. Dit sluit aan by die Joodse Fees van die Weke wat presies 7 weke en een dag (50 dae) na Paasfees gevier is. Tydens die Fees van die Weke is die insameling van die oes asook die wetgewing by Sinai gevier. In die volksmond het die tyd ook bekend gestaan as pentekoste (vyftig).

Dit is moeilik om te sê wanneer die vroeë gelowiges begin het om met hierdie fees die uitstorting van die Heilige Gees te gedenk, maar dit kan reeds baie vroeg wees. Wat ons egter wel weet is dat die viering van Pinkster as die Fees van die Gees tydens die tweede eeu nC verprei het oor die destydse bekende wêreld.

Dink na oor die volgende:

Halleluja! Die Gees van die Here vul die aarde. Laat die regverdige bly wees en juig voor die Here. Met die tonge van vuur het die Gees die apostels aangepor. Hulle vertel in nuwe tale van die groot dade van God. Eer aan God, Vader, Seun en Heilige Gees. Mag sy koninkryk sonder einde wees. Halleluja! Kom, Skepper-Gees! Vul die harte van u volgelingen met die oorvloed van u liefde. Amen.

Persoonlike boodskap

In 'n Switserse dorpie het 'n ou man bo in die berg gewoon. Hy is deur die stadsraad aangestel om die poele water bo in die berg skoon te hou en al die takke en blare wat in die poele val uit te haal, sodat die stroompie water wat van bo die berg deur die dorpie vloei mooi skoon en helder kan wees. Die ou man het 'n baie goeie taak gedoen en daagliks al die vuilgoed uit verwyder sodat die stroompie vars en helder water deur die dorpie gevat het.

Naderhand het die dorpie begin om bekend te raak vir die mooi helder stroompie wat daardeur vloei, toeriste het van vêr gekom om hierdie dorpie met die helder skoon stroompie te besoek. Jare het verby gegaan en die ekonomie van die dorpie het gegroei. Groot besigheidsmense het gekom om in hierdie dorpie te belê. So een aand het die stadsraad weer bymekaar gekom om die nuutste verwikkelinge te bespreek. Die lede van die stadsraad het al die inkomste en uitgawes van die dorpie fyn bestudeer om seker te maak hulle optimale wins en groei sal maak. Een van die lede merk toe op dat 'n vreemde bedrag geld maandeliks aan 'n ou man betaal word. Hy vra toe wie hierdie ou man is vir wie hulle al jare geld betaal, want niemand sien hom ooit nie, dit kan wees dat hy niks eers doen nie en nou word daar maandeliks geld aan hom betaal. Die stadsraad besluit toe dat hierdie man se dienste nie meer nodig is nie. Vir baie weke het niks verander nie. Teen die begin van herfs het die bome begin om hul blare af te gooi. Klein takkies het ook afgebreek en in die poele bo in die berge geval wat die sterk vloei van die stroompie belemmer het. Nie lank daarna nie het mense begin agterkom dat die water nie meer so skoon en helder is nie. Nog 'n rukkie later het die water baie troebel geraak en selfs 'n slegte reuk begin afgee. Hierdie het 'n groot effek op die dorpie gehad. Die toerisme het afgeneem, besigheidsmense het hulle beleggings begin terug trek en die mense in die dorpie het al hoe meer siek begin raak van die reuk en die vuil water. Die stadsraad hou toe weer 'n noodvergadering om die oorsake van hierdie verandering te bespreek. Tot hulle spyt besef hulle dat al groot verandering wat plaasgevind is die ou man wat bo in die berg gebly het wat hulle afgedank het. Dadelik besluit hulle om hom weer aan te stel om na die poele in die berg om te sien. Binne 'n paar weke was alles in die dorpie terug na normaal en het die stroompie weer helder en vars en sterk water gehad.

Wat die ou man vir die dorpie beteken het, beteken Christene vir die wêreld. Dit mag dalk soms voel en vir die wêreld lyk of ons Christene onbelangrik is en nie werklik 'n effek op die wêreld het nie, maar hoe sou 'n wêreld lyk sonder enige Christelike invloed? God het ons aangestel, hy het vir ons 'n opdrag gegee, 'n verantwoordelikheid van hoe ons in hierdie wêreld behoort te lewe, sodat daar wel altyd 'n stroom lewende, suiwer water sal vloei.

Vriendelike Groete, Michelle

lewe beter